# Wennerwoorde 9 van 2025

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Dis met groot dankbaarheid dat ek elke ouer wil bedank vir u ondersteuning en betrokkenheid gedurende hierdie kwartaal.

'n Spesiale woord van waardering aan ons personeel vir julle harde werk en toewyding.
Aan al ons leerders: baie dankie vir jul harde werk met julle skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite.
Julle prestasies maak ons baie trots.

Ouers moenie uitmis op die opwindende gebeurtenisse wat die tweede kwartaal by Laerskool Secunda plaasvind nie.

Ons sien daarna uit om saam die suksesse van ons leerders in die komende kwartaal te vier.
Bly veilig, en kyk mooi na uself.

## RUGBY




**Delmas uitslae:**

- 0/9 wen 15 – 10 teen Delmas
- 0/9 verloor 22 – 0 teen CR Swart
- 0/10 wen 10 – 5 teen Kragbron
- 0/10 verloor 7 – 0 teen CR Swart
- 0/11 wen 12 – 5 teen CR Swart
- 0/11 verloor 17 – 19 teen Middelburg Primary
- 1ste span - verloor 5 – 0 teen CR Swart
- 1 ste span -verloor 45-0 teen Middelburg Primary

**Toere:**
Baie sterkte aan die volgende spanne wat na Jubaweni toer:

0/9 & 0/10 (25 - 27 Maart) asook 0/11 - (31 Maart - 3 April)

En die 1ste span toer na Paarl – (27 Maart - 3 April)

## SKOOL SLUIT VRYDAG, 28 MAART 2025

Die skool sluit Vrydag, 28 Maart 2025, om 10:45 vir gr. RRR – 1, en om 11:00 vir gr. 2 tot 7.

Die skool heropen weer op Dinsdag, 8 April 2025.



## FOTODAG

| | |
|---|---|
| GR. 1 – 3 | 15 April 2025 |
| GR. 4 – 7 | 16 April 2025 |

## FIETSRY

Hier volg die indrukwekkende prestasies van Laerskool Secunda se fietsryers tydens die Mpumalanga Provinsiale XCO-reeks se afskop in Middelburg op 21 Maart. Uit die 21 fietsryers van Laerskool Secunda het 13 ryers top-10 plekke behaal.
Hier volg die uitslae:



- **Nipper seuns:**
  - Deon van Zyl - 5de
  - Lian Cronje - 7de
  - Sion Hattingh - 9de
  - Reyneke Fourie - 10de
- **Nipper meisies:**
  - Klara Prinsloo - 1ste
  - Ninke van Zyl - 2de
  - Lily Hattingh - 5de
  - Andrea Cronje - 6de
  - Mia Zwart - 7de
- **Sprog seuns:**
  - Nian van Vuuren - 6de
  - Markus Prinsloo - 8ste
- **Sprog meisies:**
  - Ennike du Plessis 1ste
- **Sub junior meisies:**
  - Leyla de Oliveira 1ste

Baie geluk aan al die fietsryers, en dankie vir die manier waarop julle Laerskool Secunda se naam hoog hou. Die volgende wedren vind plaas op 12 April by Klipspringer in Nelspruit.

Sterkte vir die volgende XCO-wedren!

## NETBAL

Baie geluk aan die netbalspanne wat Saterdag, 15 Maart, aan die Laerskool Delmas rondomtaliedag deelgeneem het. Ons dogters het uitstekend gevaar.




- o/10 A - wen 3
- o/10 B - wen 3
- o/11 A - wen 3
- o/11 B - wen 3
- o/12 A - wen 3
- o/12 B - verloor 2, speel 1 gelykop
- Eerstespan - wen 3
- Tweedespan - wen 3

Baie sterkte aan die onderskeie netbalspanne wat die vakansie gaan toer:

o/9 A en B + o/10 A en B - 29-30 Maart te Sportisimo

o/11-13 B spanne - 4-6 April te Sportisimo

o/11-13 A spanne - 2-5 April te Menlopark

Dankie vir elke afrigter wat ons kinders vergesel, en vir al julle harde werk hierdie kwartaal. Geniet elke oomblik, leer baie en stel 'n voorbeeld vir die maats en ander skole.

## BEMARKING

By Laerskool Secunda word alle bemarkingsaktiwiteite deur ons bemarker, Minnelize Whitlock, gekoördineer om eenheid en doeltreffendheid te verseker.

Alle borge moet direk met haar bespreek word om konsekwentheid, en deursigtigheid te handhaaf.

Ouers is welkom om potensiële borge te nader, maar alle kommunikasie en ooreenkomste moet met Minnelize gedeel word voordat enige finale reëlings getref word.

Verder moet enige ontwerp van klere, tasse, hoede of ander items wat met sport- en kultuuraktiwiteite verband hou, deur haar hanteer en goedgekeur word.

Dit verseker dat die skool se handelsmerk en beeld professioneel asook eenvormig bly.

Vir enige navrae – skakel@secundalaer.co.za



## DANS

Baie geluk aan alle dansers wat aan die danskompetisie op 15 Maart by Laerskool Goedehoop deelgeneem het. Ons is baie trots op elke danser!

Elke danser moet nou genoeg rus voor die dans weer in die 2de kwartaal afskop.

## REVUE

Ons is ongelooflik opgewonde oor **2025 se revue** en kan nie wag om hierdie spesiale produksie met ons leerders aan te pak nie! Dit gaan 'n wonderlike ervaring wees vol talent, kreatiwiteit en spanwerk.

Die briewe met al die nodige inligting is reeds uitgestuur. **Ons vra asseblief dat die skeurstrokie teen 27 Maart by die voogonderwyser ingehandig word**.



**Empathy: Practical Ways to Foster Friendships and Compassion**

https://rinalouwclinical.co.za/empathy-practical-ways-to- foster-friendships-and-compassion/

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF



# HERHALENDE AKTIWITEITSROOSTER VIR KWARTAAL 2 – 2025

| **MAANDAG** | **DINSDAG** | **WOENSDAG** | **DONDERDAG** |
|---|---|---|---|
| 13:30 – 14:15 Trompoppies gr RRR-R | **Netbal:** | 13:30 - 14:15 Mini landsdiens Gr RRR-R | **Netbal:** |
| 13:30 – 14:00 Trompoppies jnr en snr | 12:00 – 12:30 0/6 | 14:30 - 15:30 Landsdiens jnr & snr | 12:00 – 12:30 0/6 |
| 13:30 – 14:30 Skaak juniors | 13:30 – 14:15 0/7 – 0/9 | | 13:30 – 14:15 0/7 – 0/9 |
| 13:30 – 14:30 Redenaars | 13:30 – 15:00 0/12 & 0/13 | | 13:30 – 15:00 0/12 & 0/13 |
| 15:00 – 15:45 Landloop | 15:00 – 16:30 0/10 & 0/11 | 13:10 - 13:40 Koor juniors | 15:00 – 16:30 0/10 & 0/11 |
| | | 13:30 - 14:30 Koor seniors | |
| **Rugby**: | **Rugby:** | | **Rugby:** |
| 13:30 – 15:00 0/9 & 0/10 & 0/11 | 13:30 – 15:00 0/9 – 0/11 | | 13:30 – 15:00 0/9 – 0/11 |
| 15:00 – 16:30 1ste & 2de span | 15:00 – 16:30 1ste & 2de span | 13:30 – 14:30 Skaak seniors | 15:00 – 16:30 1ste & 2de span |
| 17:00 – 18:00 Pumaki rugby | | | |
| | **Landloop:** | | **Landloop**: |
| **Netbal**: | 15:00 – 15:45 | 14:30 - 15:30 Redenaars | 15:00 – 15:45 |
| 13:30 – 15:00 0/10 & 0/11 | | | |
| 15:00 – 16:30 0/12 & 0/13 | **Dans:** | | **Dans:** |
| | 14:00 – 14:30 Vlak 1 gr. 4-7 | **Pumaki rugby** | 14:00 – 14:30 Vlak 1 gr. 4-7 |
| **Dans**: | 14:30 – 15:00 Vlak 1 gr. 1-3 | 17:00 – 18:00 | 14:30 – 15:00 Vlak 1 gr. 1-3 |
| 15:00 – 15:30 Dans Vlak 2 | | | |
| 15:30 – 16:00 Dans Vlak 3 en 4 | **Hokkie (vanaf Junie):** | | **Hokkie (vanaf Junie):** |
| | 13:30 – 15:00 0/12 & 0/13 | | 13:30 – 15:00 0/12 & 0/13 |
| **Hokkie (vanaf Junie)**: | 15:00 – 17:00 0/10 & 0/11 | | 15:00 – 17:00 0/10 & 0/11 |
| 13:30 – 15:00 0/12 & 0/13 | | | |
| 15:00 – 17:00 0/10 & 0/11 | **Krieket (vanaf Junie):** | | **Krieket (vanaf Junie):** |
| | 13:30 – 15:00 0/9 & 0/11 | | 13:30 – 15:00 0/9 & 0/11 |
| **Krieket (vanaf Junie):** | 15:00 – 16:30 1ste span | | 15:00 – 16:30 1ste span |
| 13:30 – 15:00 0/9 & 0/11 | | | |
| 15:00 – 16:30 1ste span | **Fietsry (vanaf 29 Mei)** 16:00 – 17:00 | | **Fietsry (vanaf 29 Mei)** 16:00 – 17:00 |